# Hoofstuk 18

GOD EN DIE WÊRELD (10.05.1841) HIM1.350

*01] (**Joh. 07:07:**) "Die wêreld kan julle nie haat nie; maar My haat hy; omdat Ek van hom getuig dat sy werke boos is."*

Luister jy, vir wie Ek lief is! -In hierdie vers van die woorde van My geliefde Johannes, lê die groot waarheid, dat almal wat nie van die wêreld is nie, nie 'n gunsgenoot van die wêreld is nie, want deur My en in My vind hulle geen welbehae vir hulle ydele, bose werke nie.

02] Die wêreld sal julle nie haat, soos vir My, wie nog altyd teen hulle werke getuig het nie; maar juig wanneer die wêreld julle verag! Want elkeen wat om My ontwil verag word, kan ten volle verseker wees dat Ek nie ver van hom af is nie.

03] Kyk, die wêreld is soos die Truffel* honde en die aasvoëls. Die een kan verborge lewe uitruik en die arend, 'n karkas, baie myle vêr weg. *(*Truffels is fungi (knolle) wat ondergronds groei in die woude.)*

04] Die truffelhonde soek beslis nie vir die plant nie, maar vir 'n aroma, (soos dit wat hulle van hul meesters ontvang as beloning vir hul soektog) en dolwe dus die aarde om, ywerig op soek na die plant, sodat die aroma, dit wat hulle dikwels geniet het, by hulle nie verslaan of verlore gaan nie. Maar as die aroma onder die truffels vir 'n lang tyd by hulle afwesig was, dan is die honde nouliks geskik om die truffels te soek, wat dan vir hulle 'n voorwerp van veragting word.

05] Jy sien, sulke "aroma-dienaars" is beslis nie werklike truffels-soekers nie, want nooit was die truffels die voorwerp van hul soektog nie, maar altyd die aroma! - Maar as so 'n dienaar jou minagtend in die steek laat, dink daaraan, dat Ek, die mees gehate Een in die wêreld, in jou 'n "truffel van Liefde" aangeplant het en geen aroma van die wêreld daaraan toegevoeg het nie. Daarom, laat staan hierdie "aroma jagters" en laat daar geen vrees in jou wees vir hulle nie, want hulle gee nie om vir die truffels nie, maar slegs vir die aroma!

06] Maar die aasvoëls vergader saam as hulle 'n karkas bespeur. -Kyk, Ek is 'n "karkas" vir die wêreld. Want hulle vlug van My af weg, en haat My erger as 'n karkas. -Maar daar is baie van die wêreldvoëls en baie min aasvoëls daaronder. Dit is nie genoeg om soos 'n kraai te eet saam met die aasvoëls op die "aassee van die lewe" nie, jyself moet 'n karkas word, as jy wil hê dat die karkas 'n lewe vir jou moet word! Kyk, wie nie weer uit die karkas nuutgebore word nie, sal die lewe nie binnegaan nie. Vir die wêreld stink die aas, ondraaglik, maar nie vir die aasvoëls nie, want vir hulle is dit gevul met die beste van alle geure.

07] Maar die aas is 'n allergetrouste wêreldspieël en dit wys aan die wêreld sy eie ware gestalte. En die wêreld haat dit daarom, want dit is 'n spieël van hulle bose werke. Maar die aasvoëls haat nie die aas se helder mufglans nie, want hulle weet dat deur die muf van die aas word hul eie opgeneem en vernietig.

08] Maar soos Ek 'n "karkas" vir die wêreld is, so sal die wêreld daarbuite eendag 'n karkas vir My en al My engele wees, vir ewig!

09] Voorwaar, as julle wil lewe, moet julle deur My "besmet" word, en die wêreld moet van julle wegvlug, voor die "plaag" van My Naam ontwil, en tou-skorte optrek voor julle aangesig. Maar as julle sulke dinge opmerk, verbly julle, want julle is beslis reeds "besmet" met die "plaag van die ewige lewe". Anders sou die wêreld met julle doen wat sy doen, en julle sou soos hulle wees. Net omdat julle nie meer van die wêreld is nie, maar des te meer My Liefde geword het, so word julle heeltyd minder werd vir die wêreld.

10] Sekerlik, sy het begin vermoed wat, deur My verborge, in julle werksaam is, en sy sou van julle wegvlug, meer as vir die werklike plaag.

11] Maar, daarom kan die wêreld julle nie haat nie, want sy weet nie wat in julle is nie. Maar sy haat My uitermate, want sy weet wat in My is, naamlik 'n harde spieël, wat haar voortdurend haar gruwels voor oë hou.

12] Nou moet jy kyk wat dit is, wat Ek vandag vir jou as 'n geskenk bring. -'n Gehate, stinkende stuk aas! En Ek nooi jou uit om saam met die aasvoëls van dié aas te eet, ja, om self 'n aasvoël te word! Ja, Ek wil jou selfs "vol pes" maak vir en voor die wêreld!

13] Maak geen ophef daarvan in jouself nie! Kyk, Ek is die grootste en mees gehate "pes" in die wêreld. Moenie vrees vir My "pes" nie, want dit is die ewige Lewe self! Geseënd is jy, as jy deur My "pes" besmet is! Want daarin sal jy leef, die Lewe van My Liefde, vir ewig.

14] **Want Ek is die "karkas" van die Lewe, en hierdie "pes" is My ewige Liefde**. Amen! Dit sê Hy vir wie die ganse wêreld haat, want Hy getuig vir ewig teen hulle. Amen.

# HUISHOUDING EN KINDERS

WARE OUERLIEFDE (08.06.1840) HIM1.011

*Gee aan die vrou van Ans. H. die volgende woorde!*

Want Ek ken haar verlange, en wil haar 'n klein bietjie troos gee, waaraan sy aandag moet gee ter wille van haarself en vir haar kindertjies, diensmeisies en seuns.

02] Ek het blydskap in elkeen wat blydskap in My het. En Ek het water in oorvloed om te gee, aan diegene wat daarna dors. En My Genade is so breed soos dit lank is, en is nêrens aan te tref in 'n smaller gedeelte nie.

03] Daarom verdeel jy, moeder van die vlees, jou liefde onder joune, soos Ek die Genade, verdeel – sodat nie een van jou kinders uit heimlike afguns 'n

kwade oog kry en eendag nie goed na sy broer of sy suster wil kyk nie! Gebruik 'n volle en gelyke mate van liefde vir elkeen van jou kinders – sodat Ek aan julle ook 'n volle en gelyke mate van Genade kan skenk! Anders sal die meer geliefdes minder Genade ontvang, en die minder geliefdes sal meer Genade van My ontvang.

04] .(Voortsetting) Want kyk, Ek is 'n Vader van die vervolgdes, 'n Trooster van die bedroefdes – maar ook **'n baie streng Regter van dié kinders wat julle te liefhet**. Want julle oormatige liefde bederf jul kinders en maak hulle onbekwaam om My Genade te ontvang. - Laat hul dus in die toekoms iedereen in gelyke mate kry, dit wat vir hulle nuttig is, noodsaaklik en weldadig, en bedwing jou hart – **en My Genade sal jou in hulle midde inneem!**

05] En glo dat dit Ek is, wat dit vir jou sê, as jou goeie Vader. - Wat jy dofweg sien, dit sien Ek skerp. Maar waar jy met alle skerpte kyk, daar kyk Ek deur My vingers. Wat die wêreld oordeel, ontvang Ek; maar wat die wêreld ophef, sal laag voor My te staan kom. - Kyk na die owerspelige vrou, veroordeel deur die wêreld! Haar skuld het Ek in die sand geskryf, sodat die wind dit kon wegwaai. - So moet julle almal ook doen, as julle My opregte kinders wil wees, wie Ek meer liefhet as wat julle ooit sal kan verstaan.

06] Soos die son skyn en soos die reën op al die gras val, so is julle liefde teenoor julle kinders! – Maar wees teen die vreemdes soos 'n vuurgloed en 'n wolkbreuk, sodat daar geen eie-liefde in jou en in jou kinders heers nie – waardeur jul vertroue dan sterk sal word en Ek julle altyd kan en sal help, daar waar julle op jul swakste is.

07] Laat dit vir jou 'n bietjie vertroosting wees! Waar Ek wil ingaan, daar vee Ek eers! - So sê Ek, jul goeie, heilige Vader. - Amen.